

Huis Stilbaai – Nuusbrieff

Oktober/November/Desember
Kwartaal 4 - 2025



STILBAAI BEJAARDESORG



Die somer het vinnig in Oktober by ons ingewaai en toe ons weer kyk het die kersversierings begin blink.

En hier is ons nou sowaar by Kersfees 2026.

In hierdie kwartaal se uitgawe deel ons graag gebeure uit ons elke dag se lewe hier by Huis Stilbaai.

Mag u elkeen 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2026 ervaar.



Dankie vir u volgehoue ondersteuning.

SPAR Koek&Tee

Van Toeka tot nou

Muurverf

Verkope

V&F braai

Kersfees 2026

ELKE JAAR GEDURENDE OKTOBER, DIE MAAND VAN DIE BEJAARDE,
BEDERF **STILBAAI SPAR** ONS INWONERS
MET KOEK EN ALLES WAT SOET EN LEKKER IS.

SAAM MET KITAAR EN TREKKLAVIER WAS
DAAR LEKKER GESING EN GEKUIER.



“MY BONNIE LIES (STEEDS) OVER THE OCEAN” EN
MET ‘N KOEKSISTER IN DIE HAND, WONDER ONS
WAAROM SY NOOIT TERUGKEER NIE??




Uitstalling van Toeka tot Nou

Die Babbelhoekie gaan nie net oor babbel en tee drink nie.

Op 16 Oktober het elkeen ingespring en selfgemaakte handwerk uitgestal.

Almal is genooi om te kom kyk wat in TOEKA se tyd deur inwoners gemaak is en NOU nog steeds net so mooi is.



Die uitstalling was 'n reuse sukses - *Inwoner, Chrissie Litch*





**PLAASLIKE KUNSTENAAR,
SONJA MARGERISON, HET ONS
GENADER OM 'N MUURSKILDERY
BUITE ONS
VERSORGINGSAFDELING TE
VERF.**

**DIE "VERF VAN 'N MUUR" HET
GELEI TOT 'N PROJEK OM DIE
AREA TE OMSKEP IN 'N
MAKLIK-
TOEGANKLIKE-
ROLSTOELVRIENDELIKE-
KUIERAREA
VIR ONS VERSWAKTE
INWONERS.**



"WATCH THIS SPACE....."



**OP 31 OKTOBER HET ONS DIE STORE UITGEPAK,
GEKOOK, GEBAK EN
'N VERKOPING VIR FONDSWERWING GEHOU.**



**ONS KERRIE-AFVAL IS ALTYD 'N WENNER.
(VIR DIE FYNPROEWER.....)**



NOVEMBERMAANDE KOM ONS VRIENDE EN FAMILIE KOMITEELEDE BYMEKAAR EN DAN BRAAI ONS. OOM HENNIE SLABBERT, ONS VOORSITTER, BEGIN VROEG IN DIE JAAR DONASIES VRA VIR HIERDIE GELEENTHEID. 'N SKAAPTJOPPIE OP SY LEKKERSTE.

**BAIE DANKIE AAN ELKE KOMITEELID, VRIEND EN FAMILIELID VAN HUIS STILBAAI.
EN, SOOS ALTYD, IS HANELIE EN HAAR FEEDEMSPAN DIE WIND ONDER ONS VLERKE.**



**“MANNE DIS N VOORREG
OM 'N HARDEKOOL
TE DEEL”
- RICUS NEL**



**DESEMBER HET BAIE VINNIG
AFGESKOP MET HEERLIKE
TUISGEBAKTE KOEKIES
GESKENK DEUR DIE
HERVORMDE KERK.
PORTCHIE GESKENKSASSE
GEVUL MET LEKKERNYE VIR
ELKE INWONER IS GESKENK
DEUR DONATEURS.
ONS BAIE GETROUE
SNOEPIE HELDE BESOEK
ONS STEEDS ELKE
DONDERDAG.**



**DIE MOSSIES HET WEER VIR ONS KOM SEËN
MET KERSMUSIEK EN SANG.
ONS WÊT DIE HEILAND IS OOK VIR ONS
GEBORE. ONS WAARDEER ELKE
MOSSIE-STEM EN KLANK.**



ESMERALDA VAN ZYK VAN "WAS - WE'RE AGAINST STARVATION" EN HAAR SPAN HET ONS INWONERS KOM VERRAS MET KERSGESKENKE.

WAT 'N SEËN! SOOS SY TEREK SÊ:

"ALONE I CANNOT CHANGE THE WORLD, BUT I CAN CAST A STONE ACROSS THE WATERS TO CREATE MANY RIPPLES"



HUIS STILBAAI WAARDEER DIE RIMPELS WAT HIER GEMAAK IS EN NEEM DIT VERDER IN 2026.





**OP VRYDAG 19 DESEMBER IS DAAR,
DANKSY DONATEURS, "GESPIT", GEKUIER
EN HEERLIK GEËET.**



**OP 23 DESEMBER HET ONS JAARLIKSE GOLFDAG PLAASGEVIND
IN SAMEWERKING MET
JOHAN HENN
VAN AIP CAPITAL MANAGEMENT**



**MEER HIEROOR IN ONS VOLGENDE NUUSBRIEF.
NOG 'N SPASIE OM DOP TE HOU.**



ONS DROOM GROOT!

ONS BEGIN NOU SPAAR OM VIR ONS INWONERS 'N SITKAMER TE BOU, WAAR HULLE LEKKER KAN SAAM KUIER, LAG EN GESELS.

EN HOE DOEN ONS DIT? MET JOU HULP!

WORD 'N HUISSTILBAAI40 ONDERSTEUNER DEUR
MAANDELIKS SO MIN AS R40 TE SKENK SODAT ONS
DROME VAN 'N GESELLIGE SITKAMER VIR DIE BEJAARDE
INWONERS 'N WERKLIKHEID KAN WORD.

KONTAK ONS GERUS VIR MEER BESONDERHEDE BY

FINANSIES@HUISSTILBAAI.CO.ZA



Stilbaai bejaardesorg
N DIENS VAN BADISA
A SERVICE OF BADISA

**WORD 'N
HUIS STILBAAI40-
ONDERSTEUNER!**

Huis Stilbaai word 40 in 2027 – 40 jaar dat ons dorp se seniors geneflik hier langs die see woon. Die lieflike ligging maak instandhouding egter altyd 'n uitdaging.

OP ONS WENSLYS IS:

- Vervang houtvensterrame met aluminium
- Verf ons gebou
- 'n Nuwe kombuis
- 'n Sitkamer
- Nuwe motorhuisdeure

WIL JY GRAAG HELP?

- ✓ Teken 'n maandelikse aftrekorder vir so min as R40.
- ✓ Stuur jou ingevulde aftrekorder na: finansies@huisstilbaai.co.za
- ✓ As NPO (011-891-NPO) kan ons artikel 18A-belastingcertifikate uitreik vir donateurs.

Badisa

**MAG 2026 WAARLIK 'N GESEËNDE JAAR VIR
AL ONS INWONERS, PERSONEEL, VRIENDE,
FAMILIE EN DONATEURS WEES.**

